

Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAIN SA	DATUM	DATUM			+ - LAST WEEK		BY DIE GELD PUT OPSIE					
	2018/03/19	2018/03/16			2018/03/12							
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data						
DJIA-index	24947	188.51	↑	0.8%	24758	↑	1.7%	24538	JULIE '18 TERMYNPRYS			
Goud (Spot)	1311.68	-5.65	↓	-0.4%	1317.33	↓	-1.1%	1326.58	PUT TREFPRYS	R 2 040.00	R 2 100.00	
Brent \$/vat	65.92	0.83	↑	1.3%	65.09	↑	2.0%	64.61	PUT PREMIE	R 102.56	R 101.50	
1 € / US\$	1.2260	-0.006	↓	-0.5%	1.2324	↓	-0.5%	1.2324	MINIMUM SAFEX PRYS			
1 US\$ / ZAR	12.01	0.070	↑	0.6%	11.94	↑	0.2%	11.99	R 1 937.44	R 1 998.50		
Corn	R 1 809.67	-5	↓	-0.3%	R 1 814.40				*CBOT Corn Mei cents / bushel 08:00 today vs. CBOT May 12:00 the previous day			
Wheat	R 2 043.03	-33	↓	-1.6%	R 2 075.63				*CBOT Wheat Mei cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat May 12:00 the previous day			
Soybeans	R 4 583.99	42	↑	0.9%	R 4 542.07				*CBOT Soy Mei cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy May 12:00 the previous day			
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)												
WEEK NR. 45												
MIELIE UITVOERE												
Corn May 18	382.75	-3.25	↓	-0.8%	386.00	Daaglikse pariteitspryse gelewer in Randfontein		WEEK TOTAAL				
Wheat May 18	467.75	-10.25	↓	-2.1%	478.00	Invoerpariteit	Uitvoerpariteit	9 512	4 498	14 010		
Soybeans May 18	1049.50	3.50	↑	0.3%	1046.00	3772.75	1550.60	JTD TOTAAL	619 424	1 396 922	2 016 346	
PLAASLIKE MARKINLIGTING												
SORGHUM Mar '18	3300.00	150.00	↑	4.8%	3150.00	3592.42	1727.23	UITVOERBAAR	2 500 000	1 850 000	4 350 000	
WMAZ Spot	1937.00	7.00	↑	0.4%	1930.00	3772.75	1550.60	TEMPO/WEEK BENODIG	268 654	64 725	333 379	
WMAZ May 18	1994.00	5.00	↑	0.3%	1989.00	3337.09	1668.56	MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS				
WMAZ Jul 18	2038.00	6.00	↑	0.3%	2032.00	3370.07	1700.89	WEEK TOTAAL	5 299	7 988	13 287	
YMAZ Spot	1999.00	-7.00	↓	-0.3%	2006.00	3229.11	1550.60	JTD TOTAAL	9 650 216	6 544 387	16 194 603	
YMAZ May 18	2063.00	-3.00	↓	-0.1%	2066.00	3337.09	1668.56	NOK SKATTING + REGSTELLINGS	9 642 750	6 451 250	16 094 000	
YMAZ Jul 18	2095.00	1.00	↑	0.0%	2094.00	3370.07	1700.89	% GELEWER VAN OES	100%	101%	101%	
SOY Spot	4599.00	64.00	↑	1.4%	4535.00	6263.78	4123.48	TEMPO/WEEK BENODIG	-1 067	-13 305	-14 372	
SOY May 18	4659.00	41.00	↑	0.9%	4618.00	6522.81	4264.73	KORING INVOERE				
SUN Spot	5086.00	176.00	↑	3.6%	4910.00	5747.01	4006.17	2017/18	2016/17	5 Jr. GEM		
SUN May 18	4885.00	70.00	↑	1.5%	4815.00	6522.81	4264.73	WEEK TOTAAL	55 958	29 807	23 533	
WHEAT Spot	3736.00	29.00	↑	0.8%	3707.00	4080.88	1661.38	JTD TOTAAL	1 142 693	387 007	731 176	
WHEAT May 18	3780.00	40.00	↑	1.1%	3740.00	4994.83	2452.11	TOTAAL BENODIG	2 000 000	930 728	1 622 999	
WHEAT Jul 18	3780.00	37.00	↑	1.0%	3743.00	5065.18	2521.07	JTD AS % VAN BENODIG	57%	41.6%	45%	
NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE												

Markoorsig: Die rand is swakker as Vrydag-middag, maar met baie min beweging. Vrydag het die rand verswak as gevolg van die dreigende kredietgradering hersiening wat aan die einde van die maand deur Moody's vrygestel word. Die plaaslike geldeenheid het effens onder die R12-merk verhandel in 'n nou verhandelingsband. Oor die algemeen stabiliseer die mark tans met aandag wat weg beweeg van 'n "Ramaphosa-oorwinning", om meer klem te lê op ekonomiese fundamentele faktore in terme van die fiskale rigting van die land. Die plaaslike politieke gebeure het tans baie min impak op die rand. Dit is Vrydag gedemonstreer nadat berigte dat outpres. Jacob Zuma korrupsieklage in die gesig staar, wat geen effek op die rand gehad het nie. Op die ekonomiese nuus hierdie week sal Statistiek SA, Februarie se VPI-syfers sowel as bedryfsinligting, soos kleinhandel- en motorverkope, bekendstel. Tans verhandel die rand teen sowat R12.01 teen die dollar.

Mielies: VSA mieliepryse het Vrydag laer geëindig vir die tweede agtereenvolgende sessie, gedruk deur aansienlike laer koringpryse Donderdag, asook tegniese verkope. Mieliepryse het oor die algemeen baie goed gestyg op 'n week-tot-week basis, ondersteun deur goeie uitvoerverkope, maar verlede week se verkope het egter winste beperk. VSA mielie-uitvoere die afgelope 9 weke, het 'n historiese gemiddelde hoogtepunt van 1,8 miljoen ton per week behaal. Om mieliepryse verder te ondersteun, moet die vraag sterk bly. **Plaaslik:** Suid-Afrika se mieliepryse het meestal sywaarts geëindig, terwyl die witmieleiepryse ondersteuning gekry het en hoër met klein stygings geëindig het. Geelmieleie spotpryse het met 0,3% laer teen R1 999 per ton geëindig. Intussen het witmieleiepryse met 0.3% gestyg en op R1 937 per ton geëindig. Die invloed op plaaslike mieliepryse behoort steeds die rand, sowel as die plaaslike vraag en aanbod fundamentele te wees. Pryse bly onder druk weens hoë eindvoorraad vir die huidige seisoen.

Sojabone: Sien die Weeklikse Oliesademarkkomentaar

Koring: VSA koringpryse het laer gesluit en weereens dubbelsyfer verliese vir beide sagte en harde rooi winterkoring getoon. Lente koring het ook gedaal, maar tot 'n mindere mate. Die voorspelde reën vir die Pleine, is goed vir die gewasse, maar plaas druk op pryse. Weervoorspellings toon uitsonderlik koeler weer in die suidelike pleine, met warmer weer wat vroeër vandeeweek verwag word. Sommige belangrike produksiegebiede soos Nebraska, Kansas, Iowa en Illinois sal na verwagting steeds koud bly tussen 23 Maart en 30 Maart. VSA koringpryse verhandel tans teen 'n 3 week laagtepunt weens beter weer en stygende wêreld koringvoorraad. Elders was die resultate van koring gewasse relatief gemeng. In Frankryk word geraam dat die sagte koring produksietoestande van 81% goed / uitstekende tot 80% verlaag het, terwyl durumkoring effens verbeter het met graderings wat vanaf 75% tot 77% beweeg het. **Plaaslik:** Suid-Afrikaanse koringpryse het hoër geëindig, met aansienlike winste vir alle belangrike kontrakmaande. Winste in die koringmark was as gevolg van 'n swakker rand. Groter stygings is egter beperk deur baie laer internasionale pryse. Koring spotpryse het met 0,8% gestyg en op R3 736 per ton geëindig.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za
Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur Michelle Mokone en Luan van der Walt / Vir navrae, kontak: Michelle@grainsa.co.za / luan@grainsa.co.za
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

